

# KOERSVAS

Uitgawe 18 Jaargang 1 28 Junie 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### **Koester die lewe**

Die amper krampagtige vashou aan die lewe in die moderne samelewing val op. Die wake rondom iemand soos mnr Mandela se siekbed staan uit. Niemand wens iemand anders die dood toe nie, maar dit is ook nodig om iemand die rus te gun. Die lewe, tyd en ouderdom gaan hand aan hand. Dit is te verstane dat daar geveg sal word vir die lewe van 'n tienjarige kind. Indien die kind lewe, is daar groot vreugde en hernude koestering van die kind se menswees. Wanneer iemand met 'n ouderdom aan die anderkant van negentig beguns word, moet elke dag steeds gekoester word. Om dan te wil vashou aan 'n lewe terwyl die persoon self geen vreugde daarin vind nie, of selfs daarvan bewus is nie, is waansin.

Die tragiese van ons gebroke bestaan is dat daar mense is wat weens siektes, oorgeerfde genetiese krankhede en ongelukke nie 'n hoë ouderdom bereik nie. Daar is selfs diegene wat weens welke rede ookal, 'n eie bestaan termineer. Die sonde en dood gaan van die sondeval hand aan

hand. Ons doen nie net sonde nie, ons is sondaars. Sonde is nie net 'n etiese stel reëls nie, dit is kenmerkend van die menslike bestaan. Ongeag die proses-denkers en ander liberaliste se versugting na 'n mens wat al hoe beter (goddeliker?) is, is die werklikheid dat ons nie aan die sonde kan ontkom nie. Die dood se koue skaduwee val oor elke geboorte en lewe.

Lewenstyl, oefening en dieet kan wel lewe verleng, maar nooit verewig nie. Diegene wat lank lewe bereik ook 'n stadium wat hulle niks meer het aan hierdie bestaan nie en dan geduldig wagtend talm dat die dood hulle inhaal. Sonde, lewe en dood is verwant aan mekaar. Belangrike aspekte van die lewe moet in balans beskou en bedink word.

Hierdie somber agtergrond bring ons by die punt om te besef dat ons nie weet hoe lank ons eie lewens sal wees nie. Daar is soveel voorbeelde van minagting van die kosbare tyd wat ons gegun word. Mense wat nie die beste van elke dag en geleentheid maak nie, kinders wat dae en tye omwens, oorgretiges wat nie kan wag nie en mense wat sukkel om die tyd om te kry, is sprekende voorbeelde van die lewe en tyd tot ons

beskikking wat verkwis word. Ironies is dit baie van juis hierdie mense wat by 'n sterfbed staan en dan smeeek om genadetyd. Tyd wat verby is, kan nie ingehaal of hergebruik word nie. Die besef dat ons onder die skaduwee van die dood lewe, moet ons juis inspireer om werklik te gebruik wat ons het en die oomblik van lewe te koester. Koester die lewe, moet dit nie aanbid of verkwis nie!

### **NUUSBROKKIES**

- Die agenda vir die vergadering van die Geloofsbond sal binne die volgende week elektronies versend word. Gemeentes word versoek om self uitdrukke te maak vir die afgevaardigdes.
- Afgevaardigdes wat oor skootrekenaars, tablette, e-lesers soos “kindles” of selfone beskik wat die elektroniese weergawe kan vertoon, is welkom om die agenda in elektroniese formaat na die vergadering te bring.
- Verskeie predikante in die NHKA is opgeroep om middel Julie met die Moderamen in gesprek te tree. Die rede vir die oproep is om die evangeliebediening in gebiede soos die Noord Transvaal te beplan. Skynbaar dink hulle die onafhanklike gemeentes bedien nie die evangelie nie.

### **KENNISGEWINGS**

- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Basaar 3 Augustus op die kerkgronde. Ons hou 'n **steeds** Basaar met **steeds** lekker kos en kuier teen **steeds** goeie pryse.

- Die gemeente **Stella** hou op 2 Augustus 'n Boeredans met tweeman orkes – Piet Safari en Giel Kalahari, op die plaas van Jan du Toit buite Stella. Kaartjies kos R80-00 per persoon wat 'n steak-ete insluit en R30-00 vir kinders wat 'n boereworsbroodjie insluit. Die dans begin om 18:30 en pryse sal gewen word tydens die dans. Daar sal ook 'n veiling wees van 'n kunswerk deur Driekie Erasmus

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Daar sal stalletjies wees en 'n skildery deur Norbert Schling word uitgeloot. Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.